

# Op Reis deur die Bybel

## (Inleiding)

Die Bybel is dié **grootste** en **belangrikste** boek in die menslike geskiedenis.

Dit is God se self-**openbaring** aan die mens en beantwoord vrae soos:

- hoe alles ontstaan het,
- hoekom die mens bestaan,
- wat verkeerd met die wêreld is,
- wat God se oplossing vir die gebrokenheid van die wêreld is en
- hoé God dit tot 'n slotsom gaan bring.

Kortom, is dit die **volledige handboek** vir menswees wat die mens in staat stel om 'n lewe te leef wat God oorspronklik bedoel het.

### Die Bybel is meer as wat jy dink of kan verwag!

- Dit is nie 'n **geskiedenisboek** nie, maar sy weergawes van mense, plekke en gebeure is verstommend akkuraat.
- Dit is ook nie 'n **sielkunde** of **filosofie** boek nie, maar die insigte van die Bybel in die menslike natuur en gedrag is treffend en sonder gelyke.
- Die Bybel is nie 'n **wetenskapboek** nie, maar bevat wetenskap wat presies is.
- Dit is nie 'n **morele handleiding** nie, maar die morele waardes is presies en uitnemend selfs vir 'n moderne beskaafde gemeenskap.
- Dit is daarom '**n lewende dokument**, relevant vir alle situasies, op alle plekke, ten alle tye en beskryf volledig God se liefde vir ons (Heb. 4:12).

### 'n Paar feite...

- Die Bybel het oor 'n tydperk van 1500 jaar ontstaan en bevat 'n versameling 66 boeke met godsdienstige tekste of geskrifte wat heilig is vir die Jode en Christene.
- Die Bybel is op drie verskillende kontinente geskrywe naamlik Afrika, Asië en Europa.
- Dit is geskrywe in verskillende literêre style in drie verskillende tale naamlik Hebreeus, Aramees en Grieks.

### **Verskillende literêre style is:**

- Narratief of geskiedkundig,
- Poësie,
- Wysheidsliteratuur,
- Profesie,
- Sendbriewe
- Apokalipties.

### **Bybel bestaan uit ongeveer (afhangende van die vertaling)**

- 1,189 Hoofstukke
- 66 boeke,
- 39 in die Ou Testament en
- 27 in die Nuwe Testament
- 31,173 verse 788,258 woorde

### **'n Gebrek aan kennis van die Bybel kan lei tot afval!**

“My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet” (Hos. 4:6).

### **Testament/verbond**

Die Engelse woord testament is afgelei van 'n Griekse term wat "verbond" beteken. In Hebreeus beteken dit "ooreenkoms", "verbond" of "kontrak".

Die Bybel word in twee dele verdeel, genoem testamente. Die Ou Testament bevat al die geskifte wat verband hou met die verbondsooreenkoms wat God in Moses se dag met Israel gemaak het (Eksodus 24:8). Ongeveer 1 000 jaar na Moses het die profeet Jeremia God se belofte aangekondig om 'n nuwe verbond met sy volk te sluit (Jeremia 31:31–34). Daardie nuwe verbond ontvou in die geskifte van die Nuwe Testament, wat handel oor die ooreenkoms wat God met die mensdom deur Jesus Christus aangegaan het (Matteus 26:28; 1 Korintiërs 11:23–25; Hebreërs 8:6–8).

**Ou Verbond** - Byvoorbeeld die verbond, soos in die verbond wat God met Israel by die berg Sinai gesluit het toe Hy hulle as sy volk gevestig en sy wette aan hulle gegee het (Eksodus 19:3–6; 20 :1–17; 24).

**Nuwe verbond** - Die Skrif leer dat die nuwe verbond 'n volmaakte priester het, Jesus Christus (Hebreërs 7:24–25, 27); en 'n volmaakte offer, die liggaam en bloed van Christus (Hebreërs 9:11–14; 10:12), wat die nuwe verbond ver bo die oue verhewe maak. Die ou verbond is uitgedien (Hebreërs 8:13), maar die nuwe verbond is volledig en ewig (Hebreërs 9:15; 13:20).

### **Dit bestaan uit Twee Testamente**

- Die Ou Testament is fundamenteel; die Nuwe Testament bou op daardie fondament met verdere openbaring van God.
- Die Ou Testament bevat baie profesieë wat in die Nuwe vervul word.
- Die Ou Testament verskaf die geskiedenis van 'n volk; die Nuwe Testament fokus is op 'n Persoon.
- Die Ou Testament toon die toorn van God teen sonde; die Nuwe Testament wys die genade van God teenoor sondaars.
- Die Ou Testament voorspel 'n Messias (sien Jesaja 53), en die Nuwe Testament openbaar wie die Messias is (Joh. 4:25–26).
- Die Ou Testament beskryf die gee van God se Wet, en die Nuwe Testament wys hoe Jesus die Messias daardie Wet vervul het (Matteus 5:17; Hebreërs 10:9).
- In die Ou Testament is God se handeling hoofsaaklik met Sy uitverkore volk, die Jode; in die Nuwe Testament is God se handeling hoofsaaklik met Sy kerk (Matteus 16:18).
- Fisiese seënninge wat onder die Ou Verbond belowe is (Deuteronomium 29:9) maak plek vir geestelike seënninge onder die Nuwe Verbond (Efesiërs 1:3).
- Die Ou Testament het die paradys vir Adam verlore gesien; die Nuwe Testament wys hoe die paradys deur die tweede Adam (Christus) herwin word.
- Die Ou Testament verklaar dat die mens deur sonde van God geskei is (Genesis 3), en die Nuwe Testament verklaar dat die mens in sy verhouding tot God herstel kan word (Romeine 3-6).
- Die Ou Testament het die Messias se lewe voorspel. Die Evangelies teken Jesus se lewe aan, en die Briewe interpreteer Sy lewe en hoe ons moet reageer op alles wat Hy gedoen het.

### **Hoekom moet ons die Bybel glo/vertrou**


Twee belangrike rede is die interne en eksterne getuienis vir die aansprake van die Bybel se betroubaarheid.

#### **Interne bewyse**

- Unieke boodskap wat geloofwaardig is
- Die eenheid van die Bybelse boodskap
- Akuraatheid daarvan
- Ooggetuie waarde
- Die Bybel konsekwentheid
- Die Bybel tot sy eie volmaaktheid en waarheid

## Eksterne bewyse

- Hoeveelheid oorlewende manuskripte van die Nuwe Testament wat tussen die tweede en vyftiende eeue gekopieer is.
- Die buiteBybelse materiaal wat inligting in die Bybel bevestig.
- Argeologiese bewyse.



## Ou Testament

- Die 39 boeke van die OT
- Die skeppingsverhaal –Hoe alles ontstaan het
- Adam en Eva en die sondeval – Wat verkeerd geloop het
- Noag se ARK
- Die gevolg van sonde
- God se belofte en plan
- 4 groot persone, Abraham, Isak, Jakob en Josef
- Moses, die uittoeg, die wet en die tabernakel
- Joshua en die Rigtertydperk
- Konings van Israel, Saul, Dawid, Salomo
- Die verdeling van die koninkryke na Salomo se dood in die Suidelike en Noordelike ryk
- Die ballingskap en terugkeer na Ballingskap



#### Nuwe Testament

- Geboorte van Jesus/Evangelies
- Tydperk van die Kerk
- Briewe aan die Kerk
- Toekoms – Openbaring